

Rapporteerbaar:	Ja / N
Sirkuleer onder Regters:	Ja /
Sirkuleer onder Landdroste:	Ja /
Sirkuleer onder Streeklanddroste:	Ja / Nee

**IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)**

Saak No: 25/2013
Saak Aangehoor: 26/08/2013
Datum gelewer: 06/09/2013

In die saak tussen:

H A Blom

en

Die Staat

Coram: Olivier R et Phatshoane R

UITSPRAAK

Olivier R:

- [1]. Die liggaam van die oorledene, mnr W S J Marais, is op 6 Februarie 2004 in bosse langs 'n teerpad in die omgewing van die Vanderkloofdam gevind. Later gedurende dieselfde maand is die oorledene se motorvoertuig in Bloemhof verkoop. Gedurende Augustus 2010 is die appellant in die Streekhof skuldig bevind daaraan dat hy die oorledene vermoor het en dat hy sy motorvoertuig gesteel het. Hy is op die aanklag van moord gevonnissen tot 20 jaar gevangenisstraf, en op die aanklag van diefstal tot 7 jaar gevangenisstraf. Daar is gelas dat 2 jaar van die laasgemelde vonnis sou saamloop met dié op die aanklag van moord, wat beteken het dat die appellant 'n effektiewe termyn van

25 jaar gevangenisstraf opgelê is. Op 'n later stadium het die streeklanddros die appellant se aansoek om verlof om teen sy vonnis te appelleer, toegestaan.

- [2]. Dit blyk dat die oorkonde onvolledig is. Die getuienis van mnr Hendrik Blom, die vader van die appellant, en van mnr A B Marais, die broer van die oorledene, is nie getranskribeer nie, en 'n gedeelte van die kruisverhoor van die appellant ook nie. Blykens die streeklanddros se uitspraak het die getuienis van mnr Blom senior en van mnr A B Marais geslaan op 'n televisiestel wat die appellant op 4 Februarie 2004, die datum toe die oorledene laas lewend gesien is by sy huis in Britstown, in die dorp probeer verkoop het. Die getuienis van mnr Blom senior was daarvolgens bloot dat daar 'n televisiestel was in sy huis te Britstown, waar die appellant ten tye van die gebeure gewoon het, en dat die betrokke televisiestel steeds daar was ten tye van die verhoor. Die getuienis van die broer van die oorledene was dat 'n televisiestel en 'n radio uit die huis van die oorledene vermis is. Die appellant is nooit aangekla van die diefstal van 'n televisiestel of 'n radio nie en die getuienis in hierdie verband het geen rol hoegenaamd gespeel by die oorweging van die aanklagte teen die appellant of by die oorweging van sy vonnis nie. Die regsverteenwoordigers van beide die appellant en die respondent het by die aanhoor van hierdie appèl beide aangedui dat hulle tevrede was dat die appèl afgehandel word op die oorkonde soos dit tans daaruitsien, en ek kan nie sien hoe dit enigsins die appellant kan benadeel nie. Daar is geen suggestie

hoegenaamd dat die ontbrekende getuienis enige rol sou kon speel by die oorweging van die appellant se vonnisse of hierdie appél nie.

- [3]. Die gronde vervat in die kennisgewing van appél was:
- [3.1] dat die appellant se persoonlike omstandighede onderbeklemtoon is;
 - [3.2] dat beide die vonnisse treffend onvanpas is;
 - [3.3] dat daar in die lig van “*die afwesigheid van uitsonderlike ernstige beserings aan die oorledene*” fouteer is deur die appellant die maksimum vonnis op te lê op die aanklag van moord¹;
 - [3.4] dat die appellant se “*erge toestand van beskonkenheid*” en die afwesigheid van getuienis van beplanning nie genoegsaam in ag geneem is nie;
 - [3.5] dat die tydperk wat die appellant verhoorafwagtend in aanhouding verkeer het, nie in ag geneem is nie;
 - [3.6] dat daar nie genoegsame oorweging verleen is aan die kumulatiewe effek van die vonnisse nie; en
 - [3.7] dat die lang tydsverloop tot op die stadium wat die appellant op hierdie aanklagte moes pleit, nie in ag geneem is nie.
- [4]. Wat betref die vonnis op die aanklag van moord het Mnr Cloete, die advokaat vir die appellant, in sy betoogshoofde sy submissies

¹ Oënskynlik verwysende na die beperking op die strafbevoegdheid van ‘n Streekhof wat vervat is in die voorbehoudsbepaling tot art 51 (2) van die Strafwysigingswet, 105 van 1997.

beperk daartoe dat die streeklanddros misgetas het in die bevinding dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het wat 'n mindere vonnis as die minimum voorgeskrewe vonnis sou geregverdig het nie en dat die appellant se persoonlike omstandighede onderbeklemtoon is. Hy het geen submissies gemaak betreffende die vonnis op die aanklag van diefstal nie, en bloot verder aan die hand gedoen dat daardie vonnis in geheel samelopend met dié op die aanklag van moord uitgedien behoort te word.

[5]. Die streeklanddros het ongelukkig, in die toestaan van verlof tot appél teen die vonnisse, glad nie aangedui ten aansien van watter van die vonnisse die verlof verleen is nie, of op welke van die gronde aangevoer in die kennisgewing van appél die streeklanddros van oordeel was dat daar 'n redelike vooruitsig van sukses op appél was nie.

[6]. Uit die vonnis-uitspraak blyk die volgende:

[6.1] Dit is as verswarende beskou dat die appellant die liggaam van die oorledene "*soos 'n stuk gemors langs die pad gaan afgooi het*", dat die appellant "*munt geput het*" uit die dood van die oorledene deur later sy motorvoertuig, en waarskynlik ook die spaarwiel daarvan, te gaan verkoop en dat geweldsmisdaad algemeen voorkom binne die betrokke streekafdeling.

- [6.2] Daar is – oënskynlik ietwat teenstrydiglik - bevind dat, alhoewel “*ten minste aanvanklik, drankinname ook hier ‘n rol gespeel het*”, die feit dat die appellant nie bereid was om “*oop kaarte met die Hof te speel nie*” tot gevolg gehad het dat daar nie in die appellant se guns in ag geneem kon word dat drank ‘n rol gespeel het toe die oorledene gedood is nie.
- [6.3] Daar is glad nie verwys na die aard van die beserings wat tot die dood van die oorledene gelei het nie, en ook nie na die opsetsvorm van die appellant ten tye van die moord op die oorledene nie. Tydens die betoë voorafgaande die oplegging van die vonnisse het die streeklanddros egter die houding ingeneem dat sy, oënskynlik ook weens die feit dat die appellant alles ontken het en nie die Hof in sy vertroue geneem het nie, nie in staat was om haar uit te spreek oor die bepaalde vorm van opset nie.
- [6.4] Daar is ook geen melding gemaak van die afwesigheid van enige getuienis van voorafbeplanning van selfs net die aanranding op die oorledene², die tyd wat die appellant verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het of die lang tydsverloop en vertraging in die vervolging van die appellant nie.

² In teenstelling met beplanning om die oorledene inderdaad te dood, in welke geval die moord natuurlik met voorbedagte rade sou gewees het.

- [7]. Die enigste beserings aan die oorledene wat op die getuienis die appellant toegereken kan word, is die toediening van stompgeweld op die borskas van die oorledene³. Die een hou het 'n kneusing op die borskas veroorsaak. Die ander het geen uitwendige kneusing veroorsaak nie, maar is op so 'n plek op die borskas toegedien dat dit 'n versteuring veroorsaak het in die hartritme, wat tot die dood van die oorledene gelei het. Dit is egter in hierdie verband van besondere belang dat die onbetwiste getuienis was dat die hoeveelheid alkohol in die oorledene se bloed ten tye van die betrokke voorval, sou bygedra het tot die gevaar dat die toediening van stompgeweld teen sy borskas kon lei tot so 'n fatale versteuring in hartritme.
- [8]. Die skuldigbevinding van die appellant aan moord impliseer 'n bevinding dat die appellant die fatale besering toegedien het met die opset om die oorledene te dood. Die streeklanddros se bevinding dat dit, oënskynlik weens die appellant se versuim om die Hof in sy vertrouwe te neem en sy leuenagtige ontkenning van sy betrokkenheid by die gebeure op die dag van die oorledene se dood, nie nodig was om te oorweeg of die appellant homself nie moontlik aan strafbare manslag skuldig gemaak het nie, is nie die onderwerp van hierdie appél nie.
- [9]. Dit is so dat 'n aangeklaagde wat verkies om 'n vals verduideliking te gee nie later, wanneer daardie verduideliking verwerp word, daarop

³ En moontlik 'n oppervlakkige skraapwond op die abdominale gebied.

geregtig is dat die Hof moet bespiegel of spekuleer oor wat die mees gunstige bevindinge vir so 'n aangeklaagde sou kon wees nie⁴. Aan die ander kant is dit egter ook so dat steeds gelet moet word op die getuienis, en op welke afleidings daaruit gemaak kan en moet word. 'n Aangeklaagde kan nie as't ware vir leuenagtigheid gestraf word deur die mees ernstige scenario te bevind sonder om na die bewese feite te kyk en te oorweeg of daardie scenario die enigste redelike afleiding daaruit is nie⁵.

[10]. Die tipe besering wat hier gelei het tot die dood van die oorledene is, sover dit my aangaan, uniek en, veral gesien teen die agtergrond van die getuienis dat die oorledene se drankiname verder sou bygedra het tot sy dood, meen ek dat dit minstens die afleiding regverdig het dat die appellant daardie stompgeweld nie toegedien het met die direkte opset om die oorledene te dood nie. Dit het mnr Barnard, die advokaat vir die respondent, dan ook toegegee.

[11]. Dit moet ook gesien word teen die getuienis van die appellant se eie drankiname op die betrokke dag. Hy en die oorledene was reeds so vroeg as 9 uur daardie oggend besig om brandewyn te drink. Die getuienis van staatsweë was verder dat hy teen 6 uur tot 7 uur daardie aand onder die invloed van drank was toe hy 'n telefoonoproep gemaak het na sy swaer en dat hy iewers na 10 uur

⁴ **R v Mlambo** 1957 (4) SA 727 (A) op 738C; **S v Sauls and Others** 1981 (3) SA 172 (A) op 182G-H; **S v Rama** 1966 (2) SA 395 (A) op 400F-401A

⁵ **S v Dladla** 1980 (1) SA 526 (A) op 530D-E; **S v Steynberg** 1983 (3) SA 140 (AA) op 146A-148F; **S v Van As** 1991 (2) SASV 74 (W); **Burger and others v S** [2010] 3 All SA 394 (SCA)

daardie aand, toe hy probeer het om 'n televisiestel te verkoop, “*nie ... nugter (was) nie*”.

- [12]. Die appellant se eie getuienis dat hy gedurende die loop van daardie dag ook 5 liter wyn gekoop en blykbaar gedrink het, is glad nie in kruisverhoor aangeval of afgekraak nie. Sy getuienis was dan ook dat hy in die loop van daardie dag onder die invloed van drank was en dit moet onthou word dat die feit dat hy valslik mag ontken het dat hy betrokke was by die besering wat gelei het tot die dood van die oorledene, nie noodwendig beteken dat sy getuienis ook op alle ander aspekte as ongeloofwaardig verwerp moes word nie⁶.
- [13]. Die afwesigheid van enige suggestie dat die appellant beplan het om die oorledene aan te rand of te beseer, sou eweneens volkome versoenbaar wees met 'n afleiding dat die appellant nooit die direkte opset gehad het om die oorledene te dood nie.
- [14]. Die appellant is op 29 Desember 2009 vir die tweede keer gearresteer op hierdie aanklagte. Hy is uiteindelik skuldig bevind en gevonnissen op 30 Augustus 2010⁷. Dit beteken dat hy op daardie stadium ongeveer 8 maande verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het op hierdie aanklagte. Dit is geëk dat hierdie faktor strafversagting inwerk by oorweging van vonnis⁸.

⁶ **Rex v Gumede** 1949 (3) SA 749 (A) op 756; **Govender v S** [2007] 3 All SA 580 (SCA)

⁷ En nie, soos wat die getranskribeerde weergawe van die klagstaat verkeerdelik aandui, op 30 Augustus 2009 nie.

⁸ **S v Radebe and Another** 2009 (1) SACR 552 (SCA); **S v Kruger** 2012 (1) SACR 369 (SCA)

- [15]. 'n Verdere belangrike aspek waaraan die streeklanddros oënskynlik nie oorweging verleen het nie, is die aansienlike vertraging wat daar was in die vervolging van die appellant op hierdie aanklagte. Dit blyk nie duidelik wanneer hy vir die eerste keer op hierdie aanklagte gearresteer is nie, maar volgens inligting bekom deur mnr Barnard moes dit iewers voor 27 Junie 2005 gewees het. Dit het geskied terwyl die appellant besig was om 'n vonnis uit te dien in die Grootvlei Gevangenis te Bloemfontein. Volgens die inligting bekom deur mnr Barnard het die appellant daar 'n vonnis uitgedien tot 27 Junie 2005. Die aanklagte is toe op 17 November 2005 "*voorlopig*" teruggetrek. Dit beteken dat die appellant reeds toe ongeveer vyf maande verhoorafwagtend in hegtenis verkeer het, dit wil sê as die vroeëre periode toe hy nog besig was om 'n vonnis uit te dien, buite rekening gelaat word. Daar kan geen twyfel bestaan nie dat in die periode daarna, tot met sy herarrestasie op 29 Desember 2009, meer as vier jaar later, die moontlikheid van die herinstel van 'n vervolging op hierdie aanklagte soos 'n swaard oor die appellant se kop moes gehang het. Ironies genoeg was dit juis gedurende daardie periode wat die appellant oënskynlik vir die eerste keer in sy lewe 'n mate van standvastigheid beleef het, toe hy weer getroud is en met sy vrou en later hulle baba op 'n plaas gewoon en gewerk het. Gedurende 2007 is sy vrou en kind egter tragies oorlede in 'n motorongeluk. So 'n vertraging in die

afhandeling van die vervolging van 'n persoon is 'n belangrike strafversagende faktor⁹.

- [16]. Was dit bloot vir die voorgaande, sou moontlik geargumenteer kon word dat daar inderdaad wesenlike en dwingende omstandighede bestaan het om 'n afwyking van die voorgeskrewe vonnis te oorweeg. Dit moet egter opgeweeg word teen bepaalde verswarende faktore.
- [17]. Die manier waarop die appellant ontslae geraak het van die liggaam van die oorledene, wat veronderstel was om sy vriend te wees en met wie hy heelwat tyd deurgebring het, het die indruk gewek van 'n gebrek aan enige berou en medelye. Dit moet egter in gedagte gehou word dat dit baie duidelik so gedoen is in 'n poging van die appellant om die oorledene se dood te verbloem en om te ontsnap aan die gevolge van sy optrede.
- [18]. Dat die appellant egter enkele dae daarna gepoog het om eers die radio van die oorledene se motorvoertuig te verkoop, en toe later inderdaad die motorvoertuig op 'n bedrieglike wyse verkoop het vir eie gewin, is beslis verswarend en was beslis nie versoenbaar met die optrede van iemand wat berou gehad het vir dit wat hy gedoen het nie.

⁹ **S v Roberts** 2000 (2) SACR 522 (SCA) para[22]; **Michele and another v S** [2010] 1 All SA 446 (SCA) (ook gerapporteer as 2010 (1) SACR 131 (SCA)) para [13]; **Hendricks v S** [2010] 4 All SA 184 (SCA) paras [1]-[5], [46]-[50]

- [19]. Daar kan ook geen twyfel bestaan nie dat die streeklanddros volkome geregtig was om die algemene voorkoms van geweldsmisdade in die betrokke streekafdeling in ag te neem by die oorweging van vonnis.
- [20]. Na my oordeel was dit verder verswarend dat die appellant iemand soos die oorledene aangerand het. Die oorledene was 'n 64 jarige pensioenaris. Sy gesondheid was duidelik nie na wense nie, tot so 'n mate dat hy in die normale gang van sake maar baie moeilik beweeg en geloop het. Boonop was die oorledene ten tye van sy dood redelik sterk onder die invloed van drank, en op alle aanduidings moes die oorledene dus heeltemal weerloos gewees het teen die appellant se aanval op hom.
- [21]. In die lig van die voorgaande, en van die totaliteit van al die voormelde faktore, meen ek dat die bevinding dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede was wat 'n afwyking van die voorgeskrewe minimumvonnis sou regverdig nie, korrek was. Na my oordeel was daar egter nie enige basis vir die toevoeging van 'n bykomende 5 jaar gevangenisstraf tot daardie voorgeskrewe minimum periode van 15 jaar gevangenisstraf nie. Ek is van oordeel dat 'n vonnis van 20 jaar gevangenisstraf vir die betrokke moord inderdaad treffend onvanpas is, en tot sodanige mate verskil van die vonnis wat ek as gepas sou beskou het vir die betrokke misdaad, dat ingryping geregtig is. Die enigste denkbaar verbandhoudende vorige veroordeling van die appellant is een van aanranding, wat

reeds 22 jaar oud was ten tye van die oplegging van hierdie vonnis, en dus heel tereg buite rekening gelaat is.

- [22]. Na my oordeel bestaan daar geen basis vir inmenging met die vonnis op die aanklag van die diefstal van die motorvoertuig nie. Soos reeds gemeld, is daar ook geen betoog in hierdie verband namens die appellant voorgehou nie. Die appellant het 'n verdoemende lys van vorige veroordelings vir oneerlikheidsmisdade, en 'n verskeidenheid van vonnisse wat aan hom die geleentheid gebied het om buite gevangenis verband te rehabiliteer, was onsuksesvol. Ook direkte gevangenisstraf het klaarblyklik nie die gewenste gevolg gehad nie en na my oordeel is die enigste gepaste vonnis vir hierdie diefstal inderdaad een van 'n relatiewe lang termyn gevangenisstraf.
- [23]. Ek meen egter dat, in elk geval, 'n effektiewe termyn van gevangenisstraf van 25 jaar heeltemal onvanpas sou wees in die geval van die appellant, veral gegewe sy ouderdom en sy persoonlike omstandighede, wat insluit dat hy 'n epilepsie- en depressielyer is, dat hy by meerdere geleenthede al probeer selfmoord pleeg het en dat hy sy vrou en kind onder tragiese omstandighede verloor het. Die diefstal van die motorvoertuig het oënskynlik maar opportunisties en as 'n gevolg van die dood van die oorledene geskied en ek meen dat 'n effektiewe termyn van gevangenisstraf van 18 jaar in totaal vir beide die moord en die diefstal gepas sou wees. Mnr Barnard het dan ook heel billik

toegegee dat 'n effektiewe vonnis van 25 jaar gevangenisstraf in die onderhawige geval, veral ook in die lig van die voormelde inligting rondom die aanhouding van die appellant en die vertraging in sy vervolging, te swaar is.

[24]. Ek is gevolglik van oordeel dat die appél behoort te slaag tot die mate van die volgende bevele wat dan hierin gemaak word:

1. Die vonnis van 20 jaar gevangenisstraf op die aanklag van moord word tersyde gestel en vervang met een van 15 jaar gevangenisstraf wat teruggedateer word tot 30 Augustus 2010.
2. Die vonnis van 7 jaar gevangenisstraf op die aanklag van diefstal word bekragtig.
3. Dit word gelas dat 'n periode van 4 jaar van die laasgemelde vonnis samelopend uitgedien sal word met die vonnis van 15 jaar gevangenisstraf op die aanlag van moord.

C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

Ek stem saam.

**M V PHATSHOANE
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING**

Nms Appellant:	Adv J Cloete
Namens:	Regshulpraad, KIMBERLEY
Nms Respondent:	Adv T Barnard
Namens:	Direkteur van Openbare Vervolgings, KIMBERLEY